# Jesus se bloed vir ons uitgestort

**One Uit liefde vir ons, het die Here Jesus Christus ons verlos van ons sondes deur Sy bloed.**

Here Jesus Christus, Seun van die Lewende God, niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde was in staat om die boek oop te maak en daarin te kyk nie, behalwe U. Saam met die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge, kniel ons voor U en sê: *"U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met U bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie."* (Openbaring 5:3,9).

Vader God, dankie vir die bloed wat vir ons gegee is om op die altaar versoening te doen vir ons lewens (Levitikus 17:11) en dat die bloed van die pasga-lam 'n teken was van die Lam van God, toe U U volk uit Egipte bevry het (Eksodus 12:13). Sedert daardie dag, vereis U dat die bloed van die sondeoffer versoening bring (Eksodus 30:10; Deuteronomium 21:8). Byna alles word volgens die wet met bloed gereinig, en sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergifnis plaas nie (Hebreërs 9:22). Ons het gekom by Jesus, die Middelaar van die Nuwe Verbond, by die besprinkelingsbloed wat van iets beters getuig as die bloed van Abel. (Hebreërs 12:24). Dankie dat U U liefde vir ons juis hierin bewys het, dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was (Romeine 5:8). U het Hom gegee as Versoensoffer, wat deur Sy bloed versoening bewerk het vir die wat in U glo. Christus het gekom as Hoëpriester en met Sy eie bloed het Hy die heiligdom binnegegaan en 'n ewige verlossing tot stand gebring (Romeine 3:25; Hebreërs 9:11-12). Met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is, is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God (1 Petrus 1:18-19; Efesiërs 1:7; Kolossense 1:14). Deur U groot liefde het U ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak (Efesiërs 2:5,13). Deur die bloed van U Seun aan die kruis, het U die vrede herstel en is ons met Uself, ons Hemelse Vader, versoen (Romeine 5:9; Kolossense 1:20).

Here Jesus Christus, dankie dat U Uself as volkome Offer aan God gegee het deur die Ewige Gees, en ons losgekoop het as gemeente van God deur U bloed (Handelinge 20:28). Deur U bloed is ons gewete bevry van die las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien (Hebreërs 9:14). Uit liefde vir ons het U ons deur U bloed van ons sondes verlos (Openbaring 1:5; 1 Johannes 1:7) en het U ons uitverkies en deur die Gees afgesonder en besprinkel met U bloed (Hebreërs 13:12; 1 Petrus 1:2). Deur U bloed het ons die oorwinning oor Satan behaal (Openbaring 12:11).

Die aand voordat U Uself as Versoensoffer gegee het, het U die beker na die maaltyd geneem en gesê: *"Hierdie beker is die Nuwe Verbond, wat deur My bloed verseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot My gedagtenis."* (Lukas 22:20; 1 Korinthiërs 11:25). U het ook gesê wie U liggaam eet en U Bloed drink, het die Ewige Lewe. U liggaam is die ware voedsel, en U bloed is die ware drank (Johannes 6:53-56). Die beker van danksegging, is die gemeenskap met U bloed en die brood wat ons breek, is die gemeenskap met U liggaam (1 Korinthiërs 10:16). Dankie dat ons mag deel in hierdie Nuwe Verbond wat U met God die Vader gesluit het, deur U bloed. Dankie vir die weg wat nuut is en na die lewe lei, wat U vir ons met U bloed gebaan het deur die voorhangsel heen (Hebreërs 10:19-22).

Nou vra ons, O God wat vrede gee, U wat Jesus – daardie groot Herder van die skape - uit die dood teruggebring het deur die bloed van die ewige testament: Mag U ons toerus met alles wat goed is, sodat ons U wil kan doen. Mag U deur Jesus Christus in ons tot stand bring wat vir U aanneemlik is. Aan U behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen (Hebreërs 13:20-21).